

UITNODIGING VIR INDIEN VAN VOORSTELLE EN SAKEPLANNE VIR DIE BEDRYF VAN 'N VEILIGE RUIMTE IN MUIZENBERG

Die Stad Kaapstad se departement gemeenskaps-, kuns- en kultuur nooi hiermee gepas gekwalifiseerde nieregigeringsorganisasies (NPO's) wat dienste bied aan individue wat haweloosheid in Kaapstad ervaar om detailsakeplanne vir oorweging voor te lê om die Muizenberg-veiligeruimtefasiliteit, wat tot 60 individue sal akkommodeer, te bou, bedryf en bestuur.

Die toegewese befondsing is spesifiek aangewys vir die konstruksie van 'n veiligerruimtefasiliteit met 60 beddens, wat ten volle volgens die Stad Kaapstad se voorgeskrewe standarde en vereistes ontwikkel moet word. By afhandeling sal van die suksesvolle NPO verwag word om die fasiliteit vir 'n minimum tydperk van tien (10) jaar te bedryf en te bestuur.

Belanghebbende en kwalifiserende NPO's moet 'n omvattende sakeplan indien wat ooreenkomstig die Stad Kaapstad se voorgeskrewe sakeplanformaat opgestel is. Die formaat kan per e-pos van Brandon Lebuso versoek word by Brandon.Lebuso@capetown.gov.za of van die Stad Kaapstad-webwerf afgelaai word by www.capetown.gov.za/haveyoursay/.

Alle voorleggings moet voldoen aan die aansoekvereistes en alle voorgeskrewe inhoud insluit, tesame met die nodige stawende dokumentasie, soos uiteengesit in die aansoekriglyne.

As deel van hierdie proses sal 'n openbaredeelnamesessie op 27 Mei 2026 om 18:30 by Youth with a Mission (YWAM), Wherryweg 3, Muizenberg, Kaapstad gehou word. Hierdie skakeling sal belanghebbendes en lede van die gemeenskap die geleentheid bied om die voorgestelde inisiatief te bestudeer en daaroor kommentaar te lewer.

Hierdie geleentheid is gemik op organisasies met demonstreerbare ondervinding in die ondersteuning van individue wat buite slaap, asook 'n bewese werkrekord in die lewering van veilige, waardige en responsiewe dienste.

Fasiliteitsbesonderhede

Naam van fasiliteit	Straatadres	Kapasiteit	Toewysing van slaapkware (indeling volgens gender)	
Muizenberg-veilige ruimte	Sidmouthweg, Muizenberg	60	Mans	Vroue
			Om bevestig te word	Om bevestig te word

Daar sal van die suksesvolle aansoeker verwag word om 'n fasiliteitsbestuursooreenkoms (FMA) met die Stad Kaapstad aan te gaan wat die konstruksiefase en die langtermynbedryf van die fasiliteit sal reël. Die volgende belangrike dokumente moet saam met die sakeplan en voorstel ingedien word:

Dokument	Nodige besonderhede
Sakeplan	Beknopte oorsig of bekendstelling van die NPO
	Naam van die NPO
	Agtergrondinligting oor die NPO
	Visie van die NPO
	Missiestelling van die NPO
	Doelwitte van die NPO
	Sterkpunte en sleutelbevoegdhede van die NPO
	Oorhoofse doel van die NPO
	NPO-SWOT-ontleding
Bestuursplan	NPO-databasis van netwerke en vennootskappe in die gemeenskap
	NPO-bedryfsplan
	Vorige ervaring in die bedryf van 'n skuiling of veilige ruimte
	Vorige ervaring in die lewering van ontwikkelingsdienste aan mense wat buite op straat slaap

LUNGELO MBANDAZAYO
STADSBESTUURDER
CTA102/2026

Bestuurs- en wetgewende nakoming	Lede van die regs persoon/direksie
	Vergaderings van die uitvoerende komitee
	Lidmaatskap en algemene jaarvergaderings
	Dien bewys in van NPO-nakoming van die NPO-direktoraat
	Grondwet wat aangeneem en onderteken is
	'n Memorandum van oprigting (MOI)
	NPO-sertifikaat of registrasiesertifikaat COR 14.3 en kennisgewing van oprigting COR 14.1 (registrasiesertifikaat vir NPC)
NPO-bestuursstruktuur	Verklaring van belange onderteken deur direksielede
	Uitvoerende komitee / direksie geïdentifiseer
	Verskillende komitees of personeellede geïdentifiseer
	Funksies van verskillende personeellede uiteengesit
	Organisasie se organigram ingesluit
NPO-plan vir finansiële bestuur en volhoubaarheid	Relevante NPO-beleide
	NPO-begrotingsuiteensetting
	NPO-bemarkingstrategie
	NPO-geouditeerde finansiële state / verslae
	Lys van privaat- of staatsbefondsing ontvang
	Bewys van belastingvryskelding van die SA Inkomstediens vir die NPO
NPO-personeel se profiele met afskrifte van gewaarmerkte opvoedkundige kwalifikasies	Bygewerkte belastingklaringsertifikaat
	Hoogste kwalifikasie na matriek
	Gewaarmerkte afskrifte van identiteitsdokumente vir alle personeellede en vrywilligers
	CV's van personeellede en vrywilligers
	Minimum van 3 jaar se NPO-werkervaring in gemeenskap-ontwikkeling of met mense wat buite op straat slaap
Aanbevelingsbrief (-briewe)	Sertifikate in gemeenskapontwikkeling of toepaslik
	Aanbevelingsbrief van inwoners, gemeenskapforums en gemeenskapsleiers

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, word die publiek en belanghebbende partye of groepe genooi om voor of op 15 Junie 2026 voorstelle by die munisipaliteit in te dien.

Voorstelle kan soos volg ingedien word:

E-pos: charles.rudman@capetown.gov.za
Aflowering per hand: Tenderkantoor, 2de verdieping, Toringgebou, Burgersentrum, Hertzog-boulevard 12, Kaapstad

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense wat nie kan lees of skryf nie, mense met gestremdhede en mense uit benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, help om hul kommentaar of insette aan te teken en by die Stad in te dien.

Kontak Anthea Bendie by 021 400 1450 of Anthea.Bendie@capetown.gov.za. Vir meer besonderhede oor die uitnodiging vir voorstelle, kontak asseblief vir Brandon Lebuso op weekdae tussen 08:30 en 15:00 by Brandon.Lebuso@capetown.gov.za of 076 533 4254.

Voorkeur sal gegee word aan NPO's wat reeds ontwikkelingsdienste naby die geoordeelde fasiliteit lewer en vir vyf (5) jaar of meer as NPO's geregistreer is.

Die Stad behou die reg voor om befondsings- en fasiliteitsbestuursooreenkomste aan 'n enkele of veelvuldige NPO's toe te ken, onderworpe aan voldoening aan kwalifiserings- en kapasiteitsvereistes.



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD